

Slaap sag, kindjie ...

*Bennie Beertjie sal baba oppas terwyl hy slaap of hom
vermaak terwyl hy wakker lê. Die bypassende mandjie
is net reg om al baba se goedjies in te bêre*

deur LOUISE BALLACK

foto's ARNO KÖSTER

BENODIGDHEDE

Babawiegie

1,75 m blou katoenstof (135 cm breed)
1,75 m pienk katoenstof (135 cm breed)
bypassende gare
8 m rek (6 mm breed)
2 m pienk lint
2 m blou lint

Deken

1 m blou katoenstof; oorskietkatoenstof
in geel, pienk, groen en appelkooskleur
50 cm watteersel
bypassende gare
1 m aanstryk-tussenvoering
2 knope vir oë
1 knoop vir neus
0,50 m lint vir strik

Matrassloop

0,75 m blou katoenstof
0,75 m pienk katoenstof
bypassende gare

Natrek van patroon

Teken die patroon volgens die diagram op ruitpapier. Vir babawiegie en deken: 1 blokkie = 5 cm; vir appliekbeertjie: 1 blokkie = 2,5 cm; naattoelating: 1,5 cm.

Babawiegie: Knip patroon twee keer uit enkellaag blou katoenstof en twee keer uit enkellaag pienk katoenstof.

Matras: Knip een keer uit enkellaag blou katoenstof. Knip een keer uit enkellaag pienk katoenstof.


Deken: Knip een keer uit enkellaag blou katoenstof. Knip een keer uit watteersel en een keer uit aanstryk-tussenvoering.

Knip papierpatroon uit soos aangedui. Voeg 1,5-cm-naattoelating by waar met 'n x aangedui en knip na eie keuse las-lappe uit oorskietstof. Knip 3 stroke 128 x 13 cm uit blou katoenstof vir valletjie.

Appliekbeertjie: Knip patroondele (nr. 1 tot 8) uit enkellaag blou oorskietkatoenstof. Knip ander dele uit enkellaag pienk katoenstof.

AANWYSINGS

Babawiegie: Stik die twee blou pante by die voetenent en koppenent met regte kante op mekaar. Vou die boonste en onderste rand 5 mm om en pars. Vou nou weer 1 cm om na verkeerde kante toe en stik. Ryg rek deur. Herhaal met twee



pienk pante. Trek wiegie oor met blou stof aan die buitekant en pienk aan die binnekant. Werk lint aan albei vas en knoop om die twee dele aanmekaar te bind.

Matras: Stik pienk deel aan blou deel met regte kante op mekaar. Laat 'n klein opening. Dop na regte kant om en trek matras oor. Werk met die hand toe.

Deken: Las oorskietlappe in verskillende kleure aanmekaar met regte kante op mekaar om deken se voorpant te maak. Stryk

tussenvoering aan die verkeerde kant van dekenvoorpant. Stryk tussenvoering aan die verkeerde kant van die verskillende dele van die appliekbeertjie. Applikeer beertjie met fyn sigsagsteek aan die regte kant van die dekenvoorpant. Werk knope aan vir oë en neus en werk 'n strik om sy nek.

Ryg watteersel aan die verkeerde kant van dekenvoorpant. Las die drie stroke vir die valletjie aanmekaar met regte kante op mekaar om een lang strook te vorm. Vou in twee in die lengte met regte kante op mekaar en werk die twee kort sye af. Dop na regte kant om en pars. Ryg rafelkante in om dekenvoorpant van punt A na punt B te pas. Met rafelkante op mekaar, stik valletjie van punt A na punt B aan dekenvoorpant. Met regte kante op mekaar en valletjie na middel gevou, stik voorpant aan agterpant maar laat die reguit naat oop. Dop na regte kant om en werk met die hand toe.

MANDJIEVOERING

Benodigdhede: 'n Mandjie met 'n deursnee van 32 cm (16 cm diep)

0,75 m pienk katoenstof

2 m rek (6 mm breed)

1,10 m kant


bypassende gare

Aanwysings: Knip een sirkel met 'n deursnee van 35 cm en 'n strook van 2,10 m x 19 cm.

Las strook met regte kant op mekaar om 'n lang strook te vorm. Ryg onderste rand in om om sirkel te pas en stik met regte kante op mekaar. Vou 5 mm om na verkeerde kant toe en pars. Vou weer 1 cm om na verkeerde kant toe en stik. Stik kant om die boonste rand. Werk rek omtrent 1 cm van die kant af. Maak lusse vir rek.

Om lusse te maak: Knip stroke 3 x 26 cm. Vou oor die lengte in twee en stik - 5 mm word toegelaat vir die nate. Dop om na regte kant. Knip stukkies rek 13 cm lank en ryg binne-in die materiaalstrookies. Werk rafelkante en rek saam af en stik dan binne-in die mandjie om die botteltjies te hou. Werk voering dan met die hand aan die boonste rand van die mandjie vas.


Diagramme op bl. 47






SLAAP SAG, KINDJIE

VAN BLADSY 44



1 blokkie = 5 cm x - voeg 1,5-cm-naattoelating by



Nou kan jy
'n omelet
opkikker.
Meer-dikwels.



Nou hoef u nie meer vir 'n spesiale geleentheid te wag nie. Silverstream-sampoene se prys is só reg dat u hulle meer dikwels kan geniet. Laat 'n omelet omkrul van smaaklikheid met Silverstream gesnipperde sampoene. Voeg hulle by souse of kasserolle, of bedien hulle vir 'n koninklike ontbyt!

SILVERSTREAM
DIE MEER-DIKWELS SAMPIONEN